

GEMEENTE. SUPPLEMENT 6

[LEIERSKAP] VROUENS IN 'N AMP VAN LEIERSKAP

Wanneer 'n gemeente vroulike arbeiders (werkers/ampsdraers) kies om in die gemeente te dien, moet hulle net vrouens kies wat voldoen aan die Bybelse vereistes vir vroulike arbeiders (werkers/ampsdraers), én wat in staat is om die Bybelse take vir vrouens uit te voer.

Vrouens in die amp bly 'n kontroversiële saak in die Christelike Kerk. Die doel van hierdie supplement is om tog lig op die twispunt te werp. Die leiers van die gemeente moet die uiteindelige besluit vir hulle gemeente neem.

Wat leer die Nuwe Testament oor vrouens wat leiding gee?

1. Vrouens in die historiese en kulturele konteks van die Bybel.

Sommige christelike gemeentes beskou die instruksies van die apostel Paulus m.b.t. vrouens as beperk tot die verhouding tussen getroude vrouens t.o.v. hulle eie mans. Ander christelike gemeentes beskou die instruksies van die apostel Paulus as gerig op die gedrag van alle vrouens in die amptelike byeenkomste van die gemeente (in besonder in die eredienste op die Dag van die Here).

(1) Was daar vrouens in die amp van ouderling?

Die Bybel leer dat net manlike persone gekies is as “ouderlinge” (leiers van die gemeente). Hulle moes (letterlik:) “die man van één vrou wees” (ANV: “getrou aan sy vrou” wees) (1 Timoteus 3:2; Titus 1:6)¹. Die Bybel gee geen regverdiging vir die aanstelling van vrouens in enige amp in die gemeente nie.

(2) Was daar vrouens in die amp van diaken?

Die Bybel leer ook dat alle diakens manne was. 1 Timoteus 3:11 sê: “net so moet vroue ook”².

- Dit kan nie 'n verwysing wees na 'n offisiële amp van “diakones” nie, omdat die teks dan moes lees: “die diakonesse ook”³.
- Dit kan nie 'n verwysing wees na “die vrouens van die diakens” nie, omdat die teks dan moes lees: “hulle vrouens”⁴ of “wat vrouens het”⁵. As “die vrouens van die diakens” 'n offisiële amp was, waarom word die vrouens van die ouderlinge dan uitgesluit? Die vrouens van die ouderlinge en die diakens word in 1 Timoteüs 3:2 en 3:12 genoem.
- Die vertaling: “vrouens ook” verwys na spesiale vrouens in die gemeente, “vroulike assistente” of “vroulike arbeiders”, omdat die woord “ook” verwys na 'n groep mense wat lyk soos die manlike diakens sonder om diakens te wees.

Daarom moet ons hierdie vrouens beskou as 'n spesiale groep vrouens in die gemeente van Efese wat 'n spesiale bediening in die gemeente gehad het (vergelyk 1 Timoteus 5:3-16).

(3) Was Febe 'n diakones?

Romeine 16:1-2 is die enigste plek in die Bybel waar 'n vrou “'n diaken” genoem word, dieselfde woord as vir 'n manlike diaken. Die Griekse werkwoord “diakoneó” word nooit gebruik in die sin van “dien in die amp van 'n diaken” nie. Dit word altyd gebruik in die sin van “sorg vir die behoeftes van mense”. Die primêre betekenis van die selfstandige naamwoord “diakonos” is daarom “dienaar” en nie “diaken” nie. Romeine 16:1 praat nie oor Febe as 'n “diaken” in die sin van Handeling 6:1-7, maar oor Febe as 'n “dienaar”!

Kenchreë was één van die twee hawens van Korinte, waar daar 'n Christen gemeente was en Febe was 'n dienaar in die gemeente. Tog het haar bediening iets van die bediening van die diakens in Handeling 6 gehad, omdat sy “'n beskermer”, “assistent” of “helper”⁶ van baie mense was, wat Paulus ingesluit het. Sy het waarskynlik gasvryheid bewys aan mense wat tussen die Ooste en die Weste gereis het. Sy kon 'n vrou soos Lidia in Filippi gewees het (Handeling 16:15) of soos die vroue wat Jesus en Sy dissipels met hulle besittings gedien het (Lukas 8:1-3) of soos die vroue in Efese wat spesiale take in die gemeente verrig het (1 Timoteus 5:9-10). Nietemin beteken die uitoefening van haar diensbetoon nog nie dat sy in die amp van diaken in die gemeente aangestel was nie.

2. Vrouens in die lerende gedeeltes van die Bybel.

Twee gedeeltes, in 1 Timoteus 2:11-14 en 1 Korintiërs 14:33-38, is gesaghebbende instruksies en nie maar net historiese beskrywings nie. Titus 2:3-5 toon aan dat die Heilige Gees deur die apostel Paulus gesag aan vrouens gegee het om onderrig en opleiding aan vrouens in hulle huise te gee. En 1 Korintiërs 11:3-5 toon aan dat die Heilige Gees aan

¹ Nie “die vrou van één man” nie. Dit beteken ook nie dat die ouderling getroud moet wees nie. Dit beteken gewoon dat die gedrag van 'n getroude of ongetroude ouderling teenoor vrouens onbesproke moet wees. Christene en sekerlik Christenleiers mag nie flirt nie!

² Grieks: gunaikas hósautós

³ Grieks: tas de diakonous

⁴ Grieks: gunaikas auton

⁵ Grieks: gunaikas echontes

⁶ Grieks: prostatis

vrouens gesag gegee het om buite die offisiële byeenkomste van die gemeente *te profeteer* (d.w.s. God se Woord te verkondig).

(1) 1 Timoteus 2:11-12.

Maar in 1 Timoteus 3:15-16 gee die apostel Paulus instruksies oor “hoe iemand hom altyd moet (onvoltooid teenwoordige tyd) gedra in die huisgesin van God, dit is die Gemeente/Kerk (Grieks: ekklésia) van die lewende God”. Hier praat die apostel Paulus oor die offisiële byeenkomste van die gemeente, wat meestal op “die dag van die Here”⁷ plaasgevind het. Hy gee instruksies dat manne wat kwalifiseer aangestel moet word in die amp van ouderling in die gemeente (1 Timoteus 3:1-7) en (indien nodig) ander manne wat kwalifiseer in die amp van diaken in die gemeente aangestel moet word (1 Timoteus 3:8-13). Hy gee ook instruksies hoe manne en vrouens hulle “op alle plekke” waar Christene bid of onderrig gee, hulle moet gedra (1 Timoteus 2:8-15). Die apostel Paulus sê:, “’n Vrou⁸ moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer (vergelyk: AOV). Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man⁹ gesag uit te oefen nie: sy moet stil wees” (1 Timoteus 2:11-12).

Volgens “A Greek-English Lexicon of the New Testament and other Early Christian Literature” deur Bauer, Arndt, Gingrich” verwys die woord “man” (Grieks: anér) in hierdie Bybelgedeelte na “elke manlike volwasse persoon” en nie maar net na “’n getroude man” nie, en die woord “vrou” (Grieks: guné) in hierdie Bybelgedeelte na “elke vroulike volwasse persoon” en nie maar net na “’n getroude vrou” nie! Die apostel Paulus beperk dus hierdie instruksie nie tot getroude vrouens nie. Dit is ’n gesaghebbende instruksie met betrekking tot alle vrouens.

(2) Uitleg van 1 Timoteus 2:11-15. 11 ’n Vrou moet (bevel) in die erediens stil (Grieks: hésuchia) en onderdanig wees (Grieks: en hupotagé, sien 1 Timoteus 3:4 letterlik: sy kinders onderdanig hou). 12 Ek laat haar nie toe (Grieks: epitrepó) om daar onderrig te gee (Grieks: didaskó) of oor die man gesag uit te oefen/te domineer nie (Grieks: authenteó); sy moet stil wees. 13 Adam is immers eerste gemaak (Grieks: plassó), Eva daarna. 14 Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het (Genesis 3:1-6,13; 2 Korintiërs 11:3) en die gebod oortree het *en ’n oortreder /iemand wat van die weg afwyk gebly het* (sy het van God se ontwerp en doel vir haar lewe afgewyk) (Grieks: parabasis gegonen)(voltooid teenwoordige tyd). 15 Maar sy (enkelvoud, Eva) sal haar redding vind in moederskap (Grieks: teknogonia), as (letterlik) hulle (meervoud, christen moeders) maar volhard (Grieks: meinó) in geloof, liefde en ’n heilig lewe, en daarby beskeie bly (Grieks: sófrosuné).” Hendriksen maak dit baie duidelik.

Die toon druk hier tederheid en simpatie uit wanneer Paulus God se skeppingsordening uitlê. Laat die vrou nie ’n terrein van aktiwiteit betree waarvoor sy nie geskape is nie. Laat ’n voël nie onder die water en ’n vis op die land gaan woon nie. Laat ’n vrou nie begeer om oor die man gesag uit te oefen nie deur hom in die openbare erediens (van die gemeente) te onderrig nie. Onheilige knoeiery met die goddelike gesag is verbode. In die diens van die Woord van God op die dag van die Here, d.w.s. deur op offisiële wyse in die openbare erediens onderrig te gee en te preek gesag oor die man uit te oefen (hom te domineer), is verkeerd vir ’n vrou. Sy moet nie die rol van ’n meester (leraar) aanneem nie. ’n Vrou hoort te leer, nie te onderrig nie. Sy moet haar stem nie verhef om gehoor te word nie, maar moet kalm bly. Sy moet nie stilbly met ’n rebelse houding nie, maar met volledige onderwerping (sien 1 Timoteus 3:4). Haar geestelike gelykwaardigheid aan die man as een wat alle seëninge van verlossing met die man deel (Galasiërs 3:28), impliseer nie ’n fundamentele verandering in haar aard as vrou of in die taak waarvoor sy geroep is nie. Laat ’n vrou ’n vrou bly! ’n Vrou behoort haar blymoedigheid te onderwerp aan God se Wet vir haar lewe (sien 1 Korintiërs 14:34). God se wil soos geskrewe in die Wet word veral in die skepping en val van die vrou uitgedruk (Genesis 3:16).

Die skepping van die vrou. God het Eva vir Adam gemaak om sy helper (Genesis 2:18-25) en sy heerlikheid (1 Korintiërs 11:7-9) te wees. Nog die man of die vrou is volledig sonder die ander (1 Korintiërs 11:11). Maar in sy soewereine wysheid het God die man en die vrou as ’n paar so gemaak dat dit natuurlik vir die man is om te lei en natuurlik is vir die vrou om te volg, vir hom om die inisiatief te neem en vir haar om hom in ’n warm verhouding te verwelkom. Dit sou verkeerd wees om die goddelike orde in die huwelik en in die gemeente om te keer. Waarom sou ’n vrou aangemoedig moet word om dinge te doen wat teen haar geskape aard is? In die geskape orde was Eva se liggaam nie vóór dié van Adam nie, maar is uit die man geneem. Die man is “ish” (Hebreeus vir “man”) en die vrou is “ishah” (Hebreeus vir “manninne”, wat uit die man geneem is en wat die man wil verower) (Genesis 2:23). As ’n vrou hierdie grondliggende onderskeid erken en in ooreenstemming daarmee handel, sal sy ’n seën vir haar man wees en haar eie geluk bevorder. God het haar ontwerp om die komplement van die man te wees.

Die val van die vrou. Eva het geval toe sy haar posisie wat deur God besluit was, geïgnoreer het. In plaas van te volg, het sy gekies om te lei. In plaas van onderdanig aan God te bly, wou sy “soos God” wees. Adam is verlei (Grieks: apateó) deur die vrou. Eva is heeltemal verlei (Grieks: exapataó, ’n sterk vorm van apateó) deur die Satan. Sy het direk na Satan geluister. Sy het vóór Adam gesondig. Sy het in die weg van die sonde gelei toe sy in die weg van geregtigheid moes gevolg het. Sy het afgewyk van God se ontwerp en doel vir haar lewe!

Die oordeel van God. In plaas van haar nog sondelose (volmaakte) man te volg, het sy deur haar sondige voorbeeld gekies om oor hom te heers. Met die gevolg dat sy nou haar sondige (onvolmaakte) man moet volg (Genesis 3:16)! Met apostoliese gesag kom Paulus tot die volgende gevolgtrekking: Daarom, laat geen van haar dogters haar navolg deur die

⁷ Openbaring 1:10; Handeling 20:7

⁸ Grieks: guné

⁹ Grieks: aner

Godgegewe orde om te keer nie. Laat niemand 'n rol aanneem wat nie vir haar bedoel is nie. Laat geen dogter van Eva onderrig of leiding gee wanneer die gemeente in 'n erediens bymekaar kom nie. Laat haar leer, maar nie onderrig gee nie; gehoorsaam, maar nie heers nie; volg, maar nie leiding gee nie.

Die vrou sal in die weg van moederskap haar redding vind. Dit beteken nie dat sy gered sal word deur die kind, Jesus Christus te baar nie. Ook nie dat sy redding sal vind deur haar eie kinders te baar nie. Redding word hier nie vanuit God se oogpunt, maar van die oogpunt van die vrou bespreek, omdat sy nie seker van haar redding kan wees nie of haar redding kan ervaar sonder inspanning, ywer en waaksaamheid van haar kant af nie. *Soos orals in die Bybel, is redding afhanklik van geloof in Jesus Christus*, wat gewys word in liefde (en gehoorsaamheid aan die Woord), in moreel heilig lewe (nie in seksuele immoraliteit wat so dikwels met die huwelik geassosieer word nie) en in beskeidenheid. Die enkelvoud "sy" verwys na Eva, maar die meervoud "hulle" na elke christen moeder. Uit God se genade word die vloek (die pyn om kinders in die wêreld te bring) (Genesis 3:16) veranderd tot 'n seën (Genesis 3:20). Sy sal die moeder word van al God se verbondskinders (Genesis 17:17; Handeling 2:38-39). Die liefde wat in die hart uitgestort word (Romeine 5:5), die vrede wat alle verstand te bowe gaan (Filippense 4:7), die vreugde wat ervaar word wanneer mense hulle aan God se raadsbesluit /verordening onderwerp (Johannes 14:21,23) en die blydschap van regte christelike moederskap tot eer van God *word alleen ervaar as vrouens in die geloof*, ens. bly.

(3) 1 Korintiërs 14:33-38.

Ook in 1 Korintiërs 14:26-38 gee die apostel Paulus instruksies met betrekking tot die ordelike optrede in die amptelike byeenkomste van die gemeente waar Christene saamgekom het om die Woord te verkondig (te profeteer). By sulke byeenkomste het 'n aantal manne of manne met 'n profetiese gawe gesprek: " 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitleg daarvan." Met die gesag van 'n apostel van Jesus Christus lê Paulus beperkings op hoe hierdie byeenkomste gehou moes word sodat "alles tot opbou van die gemeente verloop" (1 Korintiërs 14:26). Hy lê drie beperkings op: hy beperk"

- die spreek in tonge of tale (onbekende tale)
- die profetering (prediking)
- die praat van vrouens in hierdie samekomste.

Hy skryf: "Soos in al die Christelike gemeentes¹⁰ moet die vrouens¹¹ ook in julle byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie, (In die konteks spreek die apostel veral oor die spreek in tonge en profetering) Hulle moet *altyd* onderdanig wees (Grieks: hupotassó) (bevel, onvoltooid teenwoordige tyd) (1 Korintiërs 14:34) soos die wet ook sê" (1 Korintiërs 14:21 en Genesis 3:16).

Die vrouens in Korinte het hulle skynbaar nie onderdanig gedra nie en wou net soos die mans in die byeenkomste optree. Hulle wou in die amptelike byeenkomste van die gemeente net soos die mans ook die Woord van God met gesag spreek, in vreemde tale (tonge) spreek of profeteer. Die Here laat dit nie toe nie.

Paulus sê dat sy opdrag "'n bevel van die Here is." Wie dit (die bevel) nie erken nie, word self ook nie erken nie (1 Korintiërs 14:37-38)! En hy skryf, "Soos in al die christelike gemeentes, moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie (1 Korintiërs 14:33,34). Hierdie opdrag is dus nie beperk tot die kultuur in die tyd van Paulus nie, maar is normatief vir alle kulture in die wêreld en vir altyd! Dit is ook nie beperk tot die verhouding tussen 'n getroude vrou en haar man tuis nie, maar verwys na die verhouding tussen vrouens en manne in die amptelike byeenkomste van die gemeente.

3. Vrouens in die Bybel is gelykwaardig, maar nie gelyk nie (hulle is verskillend).

Lees Lukas 8:1-3; Romeine 16:1-6; 1 Timoteüs 3:11; 5:1-16; Titus 2:3-5.

(1) Vrouens en mans is ewe waardevol, belangrik, bekwaam en nuttig in God se oë!

Vrouens en mans is op dieselfde manier 'n deel van die Liggaam van Christus (Galasiërs 3:28). Beide vrouens en mans moet met hulle genadegawes in die gemeente dien (1 Petrus 4:10).

(2) Maar die funksies (rolle) wat God toegewys het aan vrouens en mans verskil.

Die funksies wat God op soewereine wyse toegewys het aan vrouens verskil van die van mans! God het aan vrouens ander funksies en take toegewys:

- *op fisiese vlak* in die baar van kinders (Genesis 3:16; 1 Timoteüs 2:15)
- *op sosiale vlak* in die huweliksverhouding (Efesiërs 5:22-24; Kolossense 3:18; 1 Petrus 3:1-6)
- *op geestelike vlak* in die gemeente (1 Timoteüs 2:11-14; 1 Korintiërs 14:26-38).

God het leierskap in die huwelik (Efesiërs 5:22-24) en leierskap in die gemeente (1 Timoteüs 3:2b)¹² aan mans en nie aan vrouens toegewys nie. God het ook die gesaghebbende prediking en onderrig van die Bybel in die amptelike byeenkomste van die gemeente toegewys aan mans en nie aan vrouens nie (Handeling 6:4; 1 Timoteüs 3:2b; 1 Timoteüs 5:17; 2 Timoteüs 4:1-5; Titus 1:9).

¹⁰ Grieks: hos en pasais ekklesiais ton hagion

¹¹ Grieks: guné in die meervoud

¹² "Die man van één vrou" en nie "die vrou van één man" nie.

(3) Vrouens is onmisbaar in die gemeente.

De Bybel het die name en dade van baie vrouens, wat belangrike en waardevolle dienste in die gemeente gelewer het, opgeteken (Lukas 7:44-47; Lukas 8:1-3; Johannes 4:39; Johannes 20:17-18; Handeling 9:36; Handeling 16:15; Romeine 16:1-6; Romeine 16:12-13; 1 Timoteüs 5:1-16; Titus 2:3-5).

(4) Twee uiterste posisies moet vermy word.

- Die ekstreme gebruik om sonder Bybelse grond vrouens in ampte van die gemeente aan te stel.
- Die ekstreme gebruik om sonder Bybelse grond die belangrike en waardevolle bediening van vrouens in die gemeente te weer (uit te skakel).

4. GOD bepaal die gesag van mense en in welke verhoudinge.

(1) Romeine 13:1-2.

De vraag na gesag word nie beantwoord deur enige menslike kultuur (tradisionele waardes en gebruike) of deur demokratiese stemreg nie. Die Kerk (Gemeente) is nie 'n demokrasie nie, maar 'n teokrasie (Christokrasie).¹³ Elke mens moet hom onderwerp aan die gesagsverhoudings (Grieks: exousiais) (NAV: beperk dit ten onregte tot "owerhede") wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die gesagsverhoudings wat daar is, is daar deur die beskikking van God. Wie hom teen die gesagsverhouding verset, kom dus in opstand teen die ordening (Grieks: diatagé) van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry" (Romeine 13:1-2; vergelyk Matteus 28:18).

(2) God het sewe verhoudings van gesag en onderwerping in die Bybel ingestel:

- I. God in Christus het gesag oor alles en almal (Psalm 145:13; Psalm 146:10; Matteus 28:18; 1 Korintiërs 11:3; Efesiërs 1:20-23; Kolossense 1:18). Sien ook 1 Korintiërs 15:28.
- II. Mans en vrouens het gesag oor God se skepping (Genesis 1:28; Psalm 8:4-8)
- III. Mans het gesag oor vrouens in die huweliksverhouding (Genesis 3:16; Efesiërs 5:22-24; Kolossense 3:18; 1 Petrus 3:1-6) en oor vrouens in die amptelike byeenkomste van die gemeente (Handeling 20:17,28; 1 Korintiërs 11:3; 1 Korintiërs 14:33-35; 1 Timoteüs 2:11-14; 1 Timoteüs 3:2; Titus 1:5-6).
- IV. Ouers het gesag oor hul onvolwasse kinders (Lukas 2:51; Efesiërs 6:1-3; Kolossense 3:20). Let op: hul gesag kom tot 'n einde wanneer hul kinders volwasse is (Markus 3:31-35).
- V. Die owerheid het gesag oor sy onderdane (Romeine 13:3-7; 1 Petrus 2:13-17; vergelyk: Openbaring 13:1-10).
- VI. Werkgewers het gesag oor hul werknemers (Efesiërs 6:5-9; Kolossense 3:22-4:1; 1 Petrus 2:18-23).
- VII. Ouderlinge van die gemeente het gesag oor gemeentelide (Handeling 20:17,28; 1 Tessalonisense 5:12; Hebreërs 13:7,17).

5. Die tradisionele kultuur van mense en die kultuur van die koninkryk van God.

Sommige Christene beskou die voorskrifte van die apostel Paulus nie as gesaghebbend deur die Heilige Gees gegee nie¹⁴, maar gewoon as voorskrifte wat bepaal is deur die menslike kultuur toe Paulus geleef het en daarom nie meer geldig vir die tyd waarin ons lewe nie. Dit is 'n gevaarlike en verkeerde denkwys (benadering)!

(1) Definisie van kultuur.

Die kultuur van enige groep mense bestaan uit hul wêreldbeskouing, hul waarhede, hul geloofsoortuigings, bygeloof en waardes wat hul uitdruk in hul oortuigings, ervarings, gedrag, verhoudings en instellings (gewoontes en tradisies).

(2) Die historiese konteks van die Bybel.

Die historiese en tradisionele kultuur van elke groep mense bevat goeie en slegte aspekte. Die geskiedkundige dele van die Bybel beskrywe goeie en slegte aspekte van die menslike kultuur in die tyd dat 'n Bybelboek geskryf is. Maar geen enkele beskrywing van menslike kultuur in welke tydperk ook al is normatief nie!

(3) Die kulturele konteks van die Bybel.

God wil dat die kultuur van die Koninkryk van God die enigste kultuur in elke land, stad en taalgroep van die wêreld sal wees! Enersyds leer en beveel die onderriggende dele van die Bybel welke aspekte van die kultuur van die Koninkryk van God die kultuur moet word op elke plek en in elke periode in die wêreldgeskiedenis (sien Matteüs 5 tot 7 en alle gelykenisse oor die Koninkryk van God)! Andersyds verbied die onderriggende dele van die Bybel alle slegte aspekte van die menslike kultuur op alle plekke en in alle periodes van die wêreldgeskiedenis. God se volk mag nie die verwerplike maniere van die goddelose volke navolg nie (Deuteronomium 18:9-13)!

De onderriggende dele van die Bybel bevat die volgende instellings: die christelike huwelik, die verhouding tussen ouers en kinders, die verhouding tussen werkgewers en werknemers, die verhouding tussen owerheid en burgers, ens. (Efesiërs 5:22 – 6:9; Kolossense 3:18 – 4:1; 1 Petrus 2:13 – 3:7). Die Bybel beveel duidelike morele en seksuele standarde en standarde vir geregtigheid (Matteüs 5:21-48). So beveel die Bybel ook wat die verhouding tussen mans en vrouens in die gemeente moet wees (1 Korintiërs 11:3; 1 Korintiërs 14:33-35; 1 Korintiërs 14:36-38; 1 Timoteüs 2:11-14). Al hierdie leringe, bevele en verbodings is oral in die wêreld en te alle tye normatief!

¹³ In opkomende demokrasieë veg vrouens vir gelyke regte op elke terrein.

¹⁴ Matteus 22:43; Johannes 14:26; Johannes 16:13-15; 1 Korintiërs 4:6; 2 Timoteüs 3:16-17; 2 Petrus 1:20-21

(4) Die korrekte beginsel van Bybeluitleg.

Die kultuur van mense mag nooit die uitleg van die Bybel bepaal nie! In teendeel, die kultuur van die Koninkryk van God in die Bybel moet bepaal wat elke menslike kultuur oral in die wêreld en te alle tye moet word!

God het besluit om nie alleen die hart van mense te verander nie, maar ook die lewe en die kultuur van elke mensegroep (bevolkingsgroep) in die wêreld te transformeer!

- nie alleen hul hart (toestand, houding, motiewe, oortuigings, geloof)
- maar ook hul lewe (woorde, dae, gedrag)
- en hul nasionale kultuur (norme, waardes, instellings)

Christene moet 'n onderskeid maak tussen die historiese (beskrywende) dele van die Bybel en die onderrigende (lerende) dele van die Bybel. De historiese dele van die Bybel beskrywe wat daar in die lewe en die kultuur van mense gebeur het, hetsy goed, hetsy sleg. Maar hierdie beskrywings is nie normatief vir christelike gedrag nie. Die onderrigende dele van die Bybel egter leer en beveel wat daar in die lewe en die kultuur van mense behoort te gebeur! Hierdie onderwysinge, bevels en verbodings is normatief vir christelike gedrag oral en te alle tye! Hulle is ook normatief vir die gedrag van nie-Christene, al erken (aanvaar) nie-Christene dit nie.

6. Die kwalifikasies van vroulike arbeiders.

As 'n gemeente vroulike arbeiders aanstel, dan moet hierdie vrouens voldoen aan die vereiste kwalifikasies in die Bybel. Hulle moet ook in staat wees om die Bybelse take vir vrouens uit te voer.

1 Timoteüs 3:11 leer dat vroulike arbeiders hulle waardig moet gedra. Hulle mag nie skinder nie, en moet nugter en in alles betroubaar wees. Dus, net soos die manlike diakens moet ook die vroulike arbeiders (assistente, helpers) gekies word op grond van hul karakter, gedrag en bekwaamhede.

6. Die take van vroulike arbeiders.

(1) Vrouens wat Jesus onderhou het.

Vrouens het Jesus en sy dissipels tydens hul bediening onderhou (Lukas 8:1-3).

(2) Febe, die beskermer, assistent en helper van Paulus te Korinte.

Febe was 'n assistent of helper van de apostel Paulus (Romeine 16:1-2).

(3) Priscilla, die medewerker van Paulus.

Priscilla was 'n medewerker van de apostel Paulus (Romeine 16:3-4).

(4) Die vrouens wat assistente en helpers van die diakens was.

Die vroue arbeiders behoort dus assistente of helpers van die diakens te wees, veral in take gerig op die armes en behoeftiges (1 Timoteüs 3:11).

(5) Ouer vrouens wat jonger vrouens toerus.

De ouer vrouens in die gemeente gee die voorbeeld en rus jonger vrouens toe om hul mans en kinders lief te hê, ingetoë, kuis, sorgsaam in die huishouding en vriendelik te wees en die gesag van hul mans te erken (Titus 2:3-5).

(6) Ouer weduwees in Efese.

'n Groep ouer weduwees in die gemeente van Efese het spesiale funksies gehad (1 Timoteus 5:9-16).

(7) Vrouens in die Vroeë Kerkgeskiedenis.

Die Vroeë Kerkgeskiedenis vertel dat hierdie vrouens die volgende funksies gehad het: hulle het advies (raad) en onderrig aan jongere vrouens gegee, het gebid saam met andere vrouens, het siekes besoek, het vrouens gereed gemaak om gedoop te word, en het vrouens saamgeneem na die Nagmaal. Hulle het ook gesorg vir die weduwees en weeskinders wat deur die gemeente onderhou is. Vrouens het hulle gegee in hierdie take omdat vrouens beter as mans toegerus was om hierdie take uit te voer!